

26 Augustus

2 Samuel 6:1-8, (Teks: 6:6, 7)

Stroop jou godsdienst van halfhartigheid en skyn

Wanneer ons die gedeelte die eerste keer lees is 'n mens geskok. Kan dit wees? Waarom doen Hy so iets verskrikliks aan iemand wat net wou goed doen? Moes Ussa dan maar die ark van die Here op die grond laat val het? Is die Here dan nie 'n liefdevolle God nie? Jy is heeltemal reg - die Here is 'n liefdevolle en vredeliewende God, maar Hy is ook regverdig en heilig. Die Here laat ook nie toe dat sy heiligheid geskend word nie. En dit is wat Ussa gedoen het. In die oë van die volk was hy geskik om een van die drywers van die wa waarop die ark was te wees. Hy was immers 'n priester. Maar die Here kan nie geflous word nie. Hy sien deur die uiterlike dinge soos die priesterlike klere wat Ussa aangehad het. Hy sien in die hart van Ussa.

Vir Ussa was die heilige dinge van die Here nie meer heilig nie. Sy amp en die werk wat dit meegebring het was nie meer heilig nie. Dit het vir hom alledaags geword. Die gevaar bestaan dat as die heilige dinge van God vir jou iets algemeens raak, dan is jou hart teenoor God nie reg nie.

Is die eredienst nog vir jou 'n heilige geleentheid waar Christus sy bruid kom ontmoet? Is jou amp as ouderling of diaken nog vir jou 'n heilige diens omdat God jou daartoe geroep het? Is jou huwelik nog vir jou 'n heilige instelling van God? Kortom, is die heilige dinge van God nog vir jou heilig, of is daar ook by jou 'n halfhartigheid en oneerbiedigheid? Stroop jou godsdienst van hierdie gevaarlike gesindheid voordat jy die heiligheid van God aantast, want dit laat Hy nie toe nie.

Sing: Psalm 145:1,2

Ds. W. Viljoen (Bethulie)